



## **Leuse**

### **1. Wat is die Freysen-Bond se leuse?**

DIENSBAAR.

### **2. Hoe moet hierdie leuse verstaan word?**

Met “DIENSBAAR” as leuse, wil ons aandui dat Freysens ’n leefwyse nastreef waarin elke individu daarna streef om sy/haar Godgegewe gawes en talente te gebruik om hul leefwêreld ’n beter plek te maak. Daarom doen ons alles wat ons doen, na die beste van ons vermoë, asof vir God. Om “DIENSBAAR” aan mekaar te wees, impliseer: dat ons met integriteit diens sal lewer; dat ons wedersydse eerbied en respek aan mekaar sal betoon; en dat ons mekaar sal ondersteun in ons onderlinge behoeftes. Dit getuig van iemand wat egosentrisme oorkom, deur die behoeftes van ander waar te neem, dit aan te spreek en die lewe ook vir hulle ’n beter plek te maak.

### **3. Wat is die historiese aanloop?**

Tydens die eerste Freysen familiesaamtrek in Prins Albert (24-26 September 2004) is daar voorgestel dat die leuse van die Freysen-Familiebond “EERBAAR” moet wees. Tydens die bestuursvergadering van 12 Augustus 2021, is daar besluit om die leuse te verander na “DIENSBAAR”. Die motivering vir hierdie verandering was dat “EERBAAR” dui op ’n intrinsieke karaktertrek van ’n individu, terwyl “DIENSBAAR” ’n meer ekstrasiek gerigte fokus op diens aan ander het. Hierdie fokusverskuiwing sluit ook tot ’n mate aan by die stamvader wat nie deel van die adelstand was nie, maar as 17-jarige soldaat na Suid-Afrika toe gekom het om in sy nuwe Vaderland ’n bestaan te kom maak deur dienslewering.

### **4. Wat vereis die Buro van Heraldiek?**

Tydens die registrasieproses van ’n wapen by die Buro van Heraldiek, word die leuse en beskrywing van die wapen in beide Afrikaans en Engels in die Staatskoerant gepubliseer. Indien die leuse in ’n taal, anders as Afrikaans of Engels is (bv. Duits, Latyns of Zoeloe), moet die leuse ook in Afrikaans en Engels vertaal word vir die doeleinde van publikasie in die Staatskoerant.

### **5. Hoe vertaal mens hierdie leuse?**

Met verwysing na paragraaf 3, is dit nodig om “DIENSBAAR” na Engels te vertaal. Ongelukkig is hierdie een van daardie begrippe wat moeilik vertaal. Die naaste wat ons aan dieselfde positiewe Afrikaanse betekenis kon kom, was om dit in Engels te parafraseer as: “CALLED TO SERVE”.